

***Melia azedarach***

***sering, maksering***

***syringa, seringa, Cape lilac***



***Melia azedarach* langs die pad**



**Kenmerkende pers blomme en blink, getande groen blare**

**Beskrywing:** Bladwisselende, spreierende, vinnig groeiende boom van tot 20 m hoog. Blare afwisselend, dubbelveervormig saamgesteld, met getande randte, donkergroen, glansende bokant, verander kenmerkend geel in herfs; blomme is oorvloedig, lila tot pers, in groot geurige takkies; vrugte oordadige, langwerpige, albastergrootte geel bessies, giftig vir mense, maar eetbaar vir voëls, wat sade wyd versprei. Word geplant as 'n vertoning in 'n tuin of langs die pad.

**Oorsprong:** Asië tot Australasië, die plaaslike variëteit is afkomstig uit Indië en aanvanklik in 1906 in Barberton as versiering en skaduboom aangeplant. Verskaf ook goeie hout.

**Voorkoms:** *Melia azedarach* is een van die mees wydverspreide uitheimse indringers, omdat dit vinnig groei, sterk suierlote vorm en die sade maklik ontkiem. Dit kom algemeen voor rondom plaashuise, langs reënspoorwalle en paaie, in rivierlope en op onbeboude grond. Dit is 'n Kategorie 3 Verklaarde Indringer wat nie geplant mag word nie en die verspreiding daarvan moet voorkom word.

**NB:** Hierdie 'sering' moet nie met verskeie inheemse seringspesies verwar word nie – bv. *Burkea africana* (wilde sering of rooising); *Kirkia acuminata* (witsering); en *Kirkia wilmsii* (bergsering) – almal stadiggroeiende, nie-indringerspesies en waardevolle lede van ons plantbevolking. Die blare, maar nie die blomme, van *K. acuminata* en *K. wilmsii* lyk effens na die van *M. azedarach*. Raadpleeg 'n goeie boomboek, soos Schmidt et al (2007) of van Wyk & van Wyk (1997) indien onseker.

**Waarom is dit 'n probleem:** Dit vestig maklik, vervang inheemse plantegroei, blokkeer waterweë en kan onooglik raak. Blomme kan lei tot lugwegirritasie. Die bessies is een van die algemeenste oorsake van menslike vergiftiging in S.A. en kan in sommige gevalle noodlottig wees. Blare, bas en blomme kan ook giftig wees. Die boom moet nie naby jong kinders toegelaat word nie. Dit vermeerder maklik en vinnig, selfs van stompe wat op die grond afgesaag en verbrand is; wat fisiese beheer bemoeilik.

**Uitroei-/Beheermetodes:** Die sering is vatbaar vir fisiese en onkruidbeheer, maar omdat dit maklik hergroei en die geneigdheid van saailinge om te ontkiem in sonligtoestande, vereis herhaalde aandag en onkruidodertoeiening. Ringelering of afstroop van die bas vergroot die vorming van suierlote en nuwe wortelsuiers; dit kan voorkom word deur die boom onder die grondoppervlak af te kap – alhoewel dit onkruidodertoeiening oneffektief maak.

**Een van 'n reeks inligtingstukke uitgereik deur "Waterberg Nature Conservancy" tot voordeel van die gemeenskap**

Verskeie onkruidodders is geregistreer vir gebruik teen *M. azedarach*:

- Picloram 240 g/l SL (vir boomstompbehandeling): **Access** 240 SL (L4920)
- Clopyralid/triclopyr 90/270 g/l SL (vir boomstompbehandeling) : **Confront** 360 SL (L7314)
- Imazapyr 100 g/l SL (vir boomstompbehandeling): **Hatchet** (L7409); **Chopper** (L3444); **Arborex** (L8777)
- Fluroxypyr/picloram 80/80 g/l ME (vir boomstompbehandeling): **Plenum** 160 ME (L7702)
- Triclopyr 360 g/l SL (vir boomstompbehandeling): **Timbrel** 360 SL (L4917)
- Triclopyr (butoxy ethyl ester) 240/480 g/l EC (basale stamtoediening): **Garlon** 480 EC (L4916); **Ranger** 240 EC (L6179); **Viroaxe** (L6663)
- Bromacil\* 200g/kg GG (lug- of merkbehandeling): **Bushwhacker** GG (L7103)

**\*NB:** Bromacil is bekend as grondsterilant en kan omliggende houtagtige plantegroei vir baie jare na toediening beskadig. Dit mag slegs gebruik word onder die toesig van 'n onkruidodderspesialis.



*M. azedarach* in geel herfsloof

**NB: Volg die instruksies op die onkruidodderetiket noukeurig.**

- Alle blaaronkruidodders benodig die byvoeging van 'n verspreidings- en benattingsmiddel; gebruik slegs die tipe wat deur die etiket gespesifiseer word;
- Ander, bv. Triclopyr, moet waarskynlik met diesel gemeng word;
- Alle onkruidodders moet gebruik word nadat dit vars gemeng is (moenie oornag laat staan nie).
- Baie onkruidodders kan giftig wees vir ander plante en/of diere indien nie korrek toegedien nie. (Verkeerde gebruik van onkruidodders is 'n kriminele oortreding in terme van Act No. 36 van 1947).

**Bronnelys:**

ARC-LNR SAPIA News 28 (April 2013). ARC – Plant Protection Research Institute, Pretoria.  
[www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za)

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien Weeds of South Africa*. Briza. Pretoria

Henderson, Lesley (2001): *Alien Weeds & Invasive Plants*. Agricultural Research Council (ARC), Pretoria.

Schmidt, Ernst; Mervyn Lotter & Warren McClelland (2007): *Trees and Shrubs of Mpumalanga and Kruger National Park* (2<sup>nd</sup> Edition). Jacana, Johannesburg.

Van Wyk, Braam & Piet van Wyk (1997): *Field Guide to Trees of Southern Africa*. Struik, Cape Town

Van Zyl, Kathy, (compiler) (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy (compiler) (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand  
([info@croplife.co.za](mailto:info@croplife.co.za))

Spesiale dank aan **Dr Gerhard Verdoorn** van Griffon Poison Information Centre, aan **Mr Ferdie Jordaan** van Arysta Lifescience en aan **Ms Lesley Henderson** van ARC vir hul waardevolle advies en leiding. Hul entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.

**Een van 'n reeks inligtingstukke uitgereik deur "Waterberg Nature Conservancy" tot voordeel van die gemeenskap**